

Goeie klouversorging – belangriker as wat jy dink

deur Izak Hofmeyr

Mankheid en verwante beenprobleme is die derde grootste oorsaak waarom koeie in melkkuddes uitgeskot word. Die voorste twee redes is mastitis en onvrugbaarheid. As mens egter na die effek van goeie kloubestuur kyk, sê Jaco de Bruin, een van net nege beeshoefsmede in die land, kan seer kloue maklik die oorsaak wees van 'n groot persentasie van beide mastitis- en onvrugbaarheidsprobleme.



Jaco de Bruin in aksie. Let daarop dat die poot heeltemal geïmmobiliseer is. Deurdad die hidrouliese krat die koei oplig, kan Jaco regop staan en werk



Die houtblokkie word met 'n spesiale gom aan die hoof geheg. Na sowat ses weke val die blokkie vanself af, en behoort die probleem opgelos te wees

Nadat hy as perdehoefsmid gekwalifiseer het, spits Jaco hom vir die afgelope sowat ses jaar net op melkbeeskuddes toe. Hy gebruik 'n spesiaal ontwerpde hidrouliese beeskrat om die koeie te immobiliseer. Die krat is so ontwerp dat die koei se pote heeltemal stabiel in 'n gemaklike posisie gehou word vir hom om met kraggereedskap die snywerk en balansering te kan doen.

Een van die heel belangrikste bestuurshulp-middels wat Jaco aan sy kliënte voorsien, is 'n noukeurige rekord van al die hoefprobleme wat daar oor tyd op 'n spesifieke plaas opduik. Omdat elke voetprobleem met 'n spesifieke oorsaak geassosieer word, is dit dus maklik om tendense te identifiseer van watter voetprobleme op 'n gegewe tyd in 'n melkery voorkom. Hierdie oorsake kan met bestuur reggestel word, wat 'n onmiddellike effek op die gesondheidsstatus van die kudde het, en dus groter wins in die boer se sak beteken.

"Dis baie interessant," sê Jaco, "dat dit klok-slag dieselfde koeie is met mastitisprobleme wat ook pootprobleme het. As mens daarvoor dink is die verklaring ook logies. As koeie seer pote het, lê hulle meer, en hulle soek die koel plekke uit om in te staan en te lê. Die koel plekke is natuurlik nat, modderige kolle. Daar is dus 'n groter kans dat bakterieë die spene kan binnedring as die koei vir lang periodes in nat kolle lê."

Verder, sê hy, is 'n koei met seer pote baie minder geneig om hitte te wys. Dit is doodgewoon te seer om ander koeie te ry, of om toe te laat dat sy self gery word. Die kans om so 'n koei se hitte te mis is dus heelwat groter.

Deur koeie se pote op 'n gereelde basis deur 'n kundige persoon te laat nagaan, word baie van hierdie probleme uitgeskakel. So 'n hoefsmid kan nou voorkomend begin werk en onderliggende probleme betyds aan die boer uitwys. Gerekte teen die skade wat voorkom word, is die fooi wat die hoefsmid per koei vra, uiters gering.



Jaco besig met 'n demonstrasie in Japan. Hier kan die primitiewe krat wat nog in Japan gebruik word, duidelik gesien word



'n Koei met 'n soolfraktuur kry 'n houtblokkie op die gesonde hoof sodat die aangetaste hoof nie gewig dra nie en die geleentheid kry om te genees

Op 'n gegewe melkplaas het Jaco byvoorbeeld skielik 'n aansienlike verhoging in die voorkoms van sogenaamde soolfrakture opgemerk. Die boer het van koelbehuising gebruik gemaak. Soolfrakture word veroorsaak as die koei te veel staan. Die afleiding wat dus gemaak kon word, is dat daar iets met die slaapkraat verkeerd is. Die boer kon ondersoek instel, die probleem identifiseer en die nodige regstellings maak.

As Jaco die probleem nie geïdentifiseer het nie, sou die koeie waarskynlik mettertyd uitgeskot moes word, sonder dat die eintlike oorsaak vasgestel is. Die skade in so 'n geval sou onberekenbaar wees.

Die sleutel tot gesonde pote lê in korrekte balans. Die hiele van die twee hoeve moet ewe lank wees en die tone moet nie te lank wees nie. Omdat melkkoëie so min as moontlik loop, en



Die koei word deur twee breë bande ondersteun sodat sy nie in die krat val as haar bene opgelig word nie

gewoonlik op onnatuurlike oppervlakte staan, vind die natuurlike slytproses nie plaas nie. Die resultaat is ongebalanseerde pote.

Jaco is onlangs deur die Japannese Hoefsmidvereniging genooi om 'n lesing by 'n hoefsmid-seminaar te gaan gee. Die Japannese het veral daarin belanggestel om meer oor moderne tegnologie uit te vind.

"As mens in gedagte hou dat daar ongeveer 1,5 miljoen Holsteinkoeie in Japan is, teenoor die

sowat 55 000 melkkoëie van alle rasse in Suid-Afrika, besef mens hoe klein ons suiwelbedryf eintlik is. Daar is meer as 300 beeshoefsmede in Japan, teenoor die nege in Suid-Afrika."

In Japan, sê hy, word koeie baie op dieselfde manier as perde behandel. Die poot word tussen die hoefsmid se bene vasgehou terwyl die kloue met hoefmesse gebalanseer word. Sommige hoefsmede maak van 'n basiese krat gebruik, maar in beide gevalle kan een hoefsmid beswaarlik meer as so twintig koeie per dag hanteer.



Met die seer hoof deeglik verbind (met die blou verband), en die hoefblokkie stewig vasgeheg, het hierdie koei nou goeie hoop op herstel

Jaco se hidrouliese krat, wat hy van Amerika ingevoer het, maak dit vir hom moontlik om tot honderd koeie per dag te doen.

"Hierdie nuwe tegnologie het dit vir my moontlik gemaak om my fooi per koei heelwat te verlaag. Waar ek, toe ek begin het, net sowat vyftien tot twintig koeie per dag kon doen, moes ek sowat R70 per koei vra. Met die nuwe tegnologie kon ek my pryse afbring tot by R50 per koei. As 'n boer meer as sewentig koeie laat behandel, kan ek hom nou selfs R40 per koei vra. Ek beskou dit as my bydrae tot die winsgewendheid van die boer, en uiteindelik tot die oorlewing van die melkbedryf, waaruit ek tog ook my lewe maak." TDM